# LIMERIEKE 2025

## VOORSKOOL & LAERSKOOL

**VOORSKOOL & LAERSKOOL**

**ROOIKAPPIE**

In 'n huis in die bos woon Rooikappie
Sy vat eendag vir Ouma 'n happie.
Maar die wolf in die bos
is ook lus vir die kos -
wat hy tóé doen, is glad nie 'n grap 'ie.

**Deur: Anoniem**

**VOORSKOOL & LAERSKOOL**

**SNEEUWITJIE**

Die appel maak Sneeuwitjie vaak.
Haar slaap is die ou heks se wraak.
Maar die prins is 'n rakker
en soen haar gou wakker
om haar sy prinsesvrou te maak.

**Deur: Anoniem**

**VOORSKOOL & LAERSKOOL**

**KLASVAKIE**

Klasvakie droom ver in dromersland
hoe 'n klein astrant kabouterman
met sy  groot rooi mikrofoon,
sy skandes die land deur laat wapper.
Gelukkig vir hom...skrik hy wakker!

**Deur: Divene Swart**

# LIMERIEKE 2025

## HOËRSKOOL

### HOËRSKOOL

**TEETYD**

Tabasco-sous in jou tee
is gewoonlik 'n slegte idee,
maar kyk, sê De Wet,
dit is wragtig vet pret
om dit vir jou skoonma te gee.

**Deur: Jaco Jacobs**

### HOËRSKOOL

**MEISIE VAN SOMERSET-OOS**

n Meisie van Somerset-Oos
se kêrels is Jan, Piet en Koos,
Gert, Flippie en Fanus
en een van Hermanus
en Joos wat glo ruik soos 'n roos.

**Deur: Philip de Vos**

### HOËRSKOOL

**SPIERTIER**

Daar was 'n ou spiertier van die Vaal
wat lyk of hy hoort innie karnivaal!
Sy arms bult hoog,
dit vang beslis jou oog.
Maar ooo sy beentjies was skraal

**Deur: Divene Swart**